

MANIFES VAN DIE INKATHA VRYHEIDSPARTY VIR PLAASLIKE-REGERINGSVERKIESINGS 2016

My mede-Suid-Afrikaners,

Die regerende party het die vertroue verraai wat die mense in hulle gehad het. Vanaf munisipale-vlakregering deur tot nasionale vlak het hulle ons in die steek gelaat. Hierdie plaaslike-regeringsverkiesings bied u die geleentheid om aan te dui dat u genoeg gehad het.

Goeie bestuur begin op munisipale vlak. Dít is waar u stem gehoor en u diensleweringse behoeftes bevredig moet word.

Maar op die oomblik funksioneer munisipale bestuur nie soos dit moet nie. Daar is dinge wat moet verander sodat plaaslike regering vir u kan werk. En die manier om daardie veranderinge te inisieer, is deur die stembus op 3 Augustus 2016.

In die komende verkiesing nooi ek u dus om 'n leierskap te ondersteun wat u vertroue verdien het. Die IVP is al u vertroude vennoot in goeie bestuur vir die afgelope 41 jaar. Ons het bewys wat gedoen kan word wanneer eerlike, verantwoordbare, deursigtige en betroubare leiers Suid-Afrika dien.

Ons glo nie daarin om stemme te koop met leë beloftes nie.

Die IVP het onbetwiste rekord vir die verskaffing van goeie kwaliteit behuising; huise wat staande bly vir geslagte. Ons het skole, kolleges en universiteite gevestig om kwaliteit-onderwys te verskaf wat mense toerus om vir hulleself, hulle families en hulle gemeenskappe te sorg. Ons het gesondheidsorg toeganklik gemaak deur klinieke en hospitale in behoevende gemeenskappe te bou.

In skerp kontras hiermee het die regering van die dag sy onvermoë bewys om met integriteit te lei.

Hulle het ons duur verworwe demokrasie op die spel geplaas. Korrupsie is nou goed ingegrawe op alle vlakke van regering, van die hoogste kantoor in die land tot op plaaslike vlak. Onafhanklike instellings word ontmagtig en die Grondwet geïgnoreer. Die parlement het byvertoning geword, wat hoofopskrifte haal vir al die verkeerde redes.

Die gevolglike gebrek aan dienslewering het golwe van protes meegebring wat gelei het tot sinlose geweld en vernietiging van eiendom.

Die rykes word ryker terwyl die armes al hoe armer word. Armoede beroof die mees kwesbare mense van werk, huis, veilige vervoer, gesondheidsorg, behoorlike onderwys, skoon drinkwater en sigbare polisiëring.

Dit is tyd om die verrotting te stop!

Billike persone is nodig om ons demokrasie te beveilig.

Daardie billike persone is die IVP. Vertrou op ons ...

VERTROU ONS om goeie bestuur in elke munisipaliteit toe te pas.

VERTROU ONS om werkskepping die nommer een prioriteit van alle IVP munisipaliteite te maak.

VERTROU ONS om die greep van korrupsie te verbreek en integriteit en verantwoordbaarheid van leierskap te herstel.

VERTROU ONS om die voorsiening van behoorlike behuising te versnel sonder rompslomp, onwettige tenders of leë beloftes. Elkeen het 'n huis nodig, nie net sekere nie!

VERTROU ONS om die heerskappy van die reg te respekteer en sekuriteit in u gemeenskappe te skep sodat almal veilig kan wees en veilig kan voel. Ons vrouens en kinders moet veilig voel in ons strate.

VERTROU ONS om kandidate te kies wat vir u sal werk. Alle IVP-kandidate sal 'n kontrak van goeie bestuur onderteken en die party sal seker maak dit word nagekom.

VERTROU ONS om dienste aan almal te lewer in die gees van Ubuntu, nie net aan paar ten koste van die ander nie.

VERTROU ONS om droogte as noodtoestand te verklaar en om skoon drinkwater vir almal te prioritiseer.

VERTROU ONS om jou te help om kos op die tafel te kry, en gesondheidsorg vir u familie te verskaf.

VERTROU ONS om die konstruksie van paaie en brûe te versnel, om veilige vervoer te verskaf en om die huidige polisiëringsbeleid met hoë-sigbaarheid polisiëring in plaas van verstrikking te vervang.

VERTROU ONS om vennootskappe met skole aan te gaan om beter leeromgewing vir ons kinders te skep.

Die IVP het ervaring van goeie bestuur. Ons weet hoe, en ons is bereid om dit te doen. Ons het een visie en een doel en dit is om al die mense van Suid-Afrika te dien.

**Ek nooi u dus om te stem vir 'n toekoms waarna u kan uitsien, 'n toekoms waarna u kinders kan uitsien om te erf en 'n toekoms wat alle Suid-Afrikaners sal bevoordeel.
Stem vir 'n leierskap wat u kan vertrou.**

Ons sal verseker dat die IVP munisipale aksieplanne ooreenstem met hierdie manifes.

Stem IVP op 3 Augustus 2016 vir goeie plaaslike dienste en verantwoordbare regering.

Stem IVP en stuur kragtige boodskap aan die regerende party dat die verrotting **NOU** ophou.

STEM IVP!

**PRINS MANGOSUTHU BUTHELEZI MP
PRESIDENT VAN DIE IVP**